# Ramshoring

*Waar julle ook al die Ramshoring hoor blaas daar moet julle saamtrek. Nehemia 4v20*

**November 2017**
Jaargang 33 Nr 4




## Inhoudsopgawe

1. Brief van die Redaksie
2. Skrifoordenking- Nehemia 5 - Ds. Boy
3. Nuus uit die gemeente - Kitty van der Walt
4. In Herinnering - Doortjie Riekert
5. Spoghoekie – Potgieter dogters
6. Maak jou potlood skerp - Jaco Venter
7. Inkleurprent- Daleen Venter
8. Van toeka tot nou – Pieter Steyn
   Gemeente Kamp 2017 - Gideon Van der Merwe
9. Diakonie - Cornelis Van Wyk
10. Franse Mediabediening - Ds Eric Kayayan
11. Formulier van eenheid - Kerkraad
12. Christenskap invloed op sosiale strukture - Cornelis Van Wyk
13. Brande Knysna - Hannes Vorster
14. Skaakmat - Anoniem
15. Hê - Dries Venter
16. Reseptehoekie – Erica Erasmus
17. Vakansiepret- Erica Erasmus
18. God se Tempel – Kruispad

Die inhoud van die artikels in hierdie blaadjie, is die standpunt van die skrywer en nie noodwendig die standpunt van die Gereformeerde Kerk Thabazimbi nie.

**Kry die digitale weergawe van die Ramshoring** Webblad www.gktbz.co.za

## Redaksioneel

‘n Jaar se einde is altyd vinniger hier as wat n mens verwag. Vir my persoonlik was dit ‘n baie rowwe jaar. Een waar ek dikwels oorweldig gevoel het. Dit is nie moeilik om in ons huidige situasie in Suid-Afrika en Thabazimbi oorweldig te voel sonder om mens se persoonlike stryd by in te sluit nie. Wat ek hierdie jaar geleer het is dat invloed onderskat word. Een negatiewe persoon kan ‘n groep negatief maak.’n Groep kan ‘n dorp negatief maak.’n Dorp of land sonder hoop is chaos.

**Die teenoorgestelde is natuurlik waar met ‘n verskil. Die positiewe persoon moet 10 keer positief wees voor hy ‘n impak maak**.

Ek verstaan nou dat wanneer God ons waarsku teen die krag van die tong , waarsku Hy uit liefde want Hy weet met ons tonge maak ons dood. In vandag se tyd het ons vingers ook tonge gekry. Dit is maklik om onbeskof , arrogant en haatlik te wees wanneer jy veilig verskuil is agter die sleutelbord van jou foon of rekenaar. Waar ‘n tong ‘n groepie kan beïnvloed , saai tien vinger tonge verwoesting oor ‘n land wanneer dit met ‘n druk van ‘n knoppie aangestuur word uit vrees.

**Ek wil jou vandag vra om asseblief weer te gaan dink oor invloed.**

Wanneer jy kwaad en moedeloos is en jy voel om gal te braak...sing ‘n liedjie. Jou gesin, kollegas , vriende, dorpsgenote, landsgenote en die wêreld sal dit waardeer. As jy ‘n geleentheid sien waar jy kan bemoedig, aanmoedig, ‘n werkbare goeie positiewe bydrae kan maak..doen dit!! Moenie terughou oor jy skaam, bang, moeg of moedeloos is nie.

Ek bedoel glad nie hiermee om enige iemand se negatiewe gevoelens te ontken nie ek wys met ‘n versigtige vinger op iets wat ons oorweldig omdat ons nie die krag van invloed besef nie.

*“So is die tong ook iets kleins, en tog kry dit groot dinge reg. ’n Klein vuurtjie kan ‘n groot bos aan die brand steek. Die tong is ook ‘n vuur. Dit is vol dinge wat jou verhouding met God bederf. Dit kan jou hele lewe in vlamme laat opgaan want die duiwel steek dit aan.”* ***Jacobus 3v5-6***

**Die Redaksie**

Daleen Venter



## Skrifoordenking

### Nehemia 5

### Ds. Neville

As jy die gedeelte lees dan gaan dit hoofsaaklik oor hoe Nehemia die Goewerneur in Jerusalem is en hoedat hy moet inspring om die mense van die stad te help. Hierdie gebeure vind plaas nie lank nadat die volk van die Here teruggekeer het uit ballingskap nie. Daar was chaos in Jerusalem en die hele Judea. Nehemia het gekom om te help. Hy het begin met die bou van die muur (hoofstuk 3) en baie teenkanting beleef (hoofstuk 4) ten spyte van die feit dat hy goedkeuring van die Koning van Persië ontvang het wat nog steeds as opperheerser die sê gehad het (hoofstuk 2).

Die vooraanstaandes van die stad, met ander woorde die leiers asook die rykes het die ander mense in die stad uitgebuit (hoofstuk 5). As gevolg van die hongersnood, droogte en moeilike omstandighede het die mense hulle grond moes verkoop om hulle belastings te betaal. Toe dit nie meer genoeg was nie het hulle hulle kinders as slawe begin verkoop sodat hulle kostes kon dek. Die klag het by Nehemia uitgekom, en hy het in ‘n vergadering met hulle, die hele aangeleentheid bespreek. Hy het hulle aangevat oor die feit dat hulle mense wat slawe was vanaf die heidene moes koop, en nou dompel hierdie mense hulle net weer terug in slawerny in.

**Vers 9 is van belang: “Dit is nie ‘n goeie ding wat julle besig is om te doen nie. Julle moet tog eerbied vir ons God hê in julle optrede, en nie ons vyande, die heidene, minagting vir**

**ons laat kry nie.**" Sy versoek was dat hulle die skuld moes minder maak en die mense hulle vryheid teruggee sodat hulle kon lewe. Die vooraanstaandes het toe besluit om alles terug te gee en niks te eis nie.

Die verder verhaal handel oor Nehemia wat nie eens bereid was om sy Goewerneurstoelaag te vat nie, en tog in die behoeftes van ander voorsien het deurdat hy daagliks aan hulle kos gegee het om te eet. Dit was sodat die ander mense hulle werk kon doen en hulle goedere kon verkoop om aan die lewe te bly.

Waaroor handel hierdie gedeelte? Dit handel oor die eerbied en respek wat ons vir God moet hê. God moet eerste in jou lewe wees. Maar waar sien ons dit raak? Sien ons dit raak in ons bereidwilligheid om op te offer? Toon ons as kinders van die Here werklik 'n gesindheid van onbaatsugtigheid, soveel so dat ons bereid is om onsself op te offer in diens van ander? Doen ons dit vir die Here?

Op watter wyse is dit sigbaar in jou lewe? Ons sien hoe die kerkbesoek en dankoffers agteruitgang beleef. Ons sien hoe min mense bereid is om op die Kerkraad te dien. Ons sien hoe min mense die Bybelstudies van hierdie gemeente bywoon. Waarom? Is daar nie 'n lus nie? Is daar nie 'n begeerte nie? Roep die Here jou nie, terwyl jy blatant nee antwoord op die roepstem van die Here?

Ons moet vra dat die Here ons gesindheid verander sodat daar 'n bereidwilligheid is om op te offer ter wille van die Kerk van Christus en dat Hy daardeur gedien en geëer kan word en sy Naam verheerlik word.



# Nuus uit die gemeente

## Verjaarsdae - 80 jaar en ouer:

- **Trix Dreyer** 81 jaar - **16 Desember**
- **Tinie Steyn** 80 jaar -**10 Januarie**
- **Koeks Venter** 84 jaar - **10 Februarie**

*Mag u elke dag in u nuwe lewensjaar God se seën vol van genade, gesondheid, geluk en vrede ervaar.*

## Attestate

Hartlik welkom aan nuwe intrekkers

### Met attes aangesluit

- Br. Willem Daniël van der Merwe, vanaf GK Komatipoort, wyk Leeupoort.
- Br. Sarel Petrus (noem Sarel) Haasbroek en Sr. Heila Levina (noem Hilda) gebore Dreyer, vanaf GK Rustenburg-Wes, wyk Leeupoort.

### Belydenis van geloof afgelê op 5 November 2017

- Cherease Erasmus
- Lydia Potgieter
- Marchelle Swart

## In Herinnering

***Cornelia Dorothea Riekert gebore Swanevelder***

***21/07/1946 – 27/08/2017***



Doortjie was ‘n sagmoedige en verdraagsame mens. In haar lewe was sy ‘n voorbeeld van liefde en troue sorg vir haar familie – ‘n goeie vriendin met ‘n oop hart en hand vir haar naaste. Sy was blymoedig en het haar krag uit haar geloof en God geput.

Al was haar hande krom van die rumatiek het sy altyd vir iemand iets gehekel. Haar blommetuin was haar vreugde, haar kleinkinders haar trots. In goeie en slegte tye aan Pa Jan se sy. ‘n Vrou duisend, ‘n merkwaardige moeder en ouma!



## Spoghoekie

Julle moet die owerheid gehoorsaam want God het dit daar geplaas. Geen owerheid bestaan buite God se toedoen nie. Romeine 13v1



Ons is dankbaar en trots saam met Annetjie Potgieter . Lydia Potgieter haar gr 11 dogter word tot die leerlingraad van Hoërskool Frikkie Meyer verkies. Die kersie op die koek is dat kleinsus Antjie in gr 6 ook verkies word tot die leerlingraad van Laerskool Thabazimbi. Baie voorspoed met die taak waaroor God jul aangestel het.

# Maak jou potlood skerp



Jaco Venter

Wat noem jy 'n deurskynende hasie? **Spasie!**
Wat noem jy 'n hasie in 'n pyp? **Blokhasie**
Hasie in die tuimeldroër? **Spinhasie**
Wat noem jy 'n hasie ini hospitaal? **Operhasie!**

'n Hasie in die Spur? **Inspirhasie!**
Wat noem mens 'n hasie met GPS? **Navighasie**
Wat noem mens 'n rugby hasie? **Paashasie**


'n Hasie wat mond-tot-mond asemhaling toepas? **Oksidhasie**
'n Walt Disney Hasie? **Animhasie**
'n Vuvuzela Hasie? **Gerhasie**

Wat noem 'n mens 'n hasie op 'n telefoon? **Kommunikhasie**
Wat noem 'n mens 'n hasie wat preek? **'n Kanselhasie!!!!**
Wat noem jy 'n ryk hasie? **Inflhasie!!**

'n Hasie wat boer? **Plasie…**
Wat noem mens 'n siek hasie? **Inflamhasie**
Wat noem jy 'n hasie wat oorsee gaan?…. **Immigrhasie**
Iemand wat heeltyd hasie grappies vertel? **Irrithasie!!!**

(Dankie Johannes Eyssen)





## *VAN TOEKA TOT NOU*
## *GEMEENTESAMEKOMS – JAARAFSLUITING 24 NOVEMBER 2006*

Die Psalmdigter skryf in Psalm 102:12, *"Soos 'n skaduwee wat lank word, is my lewe naby sy einde, ek is soos verdroogde gras."*

Wanneer ons so naby aan die einde van 'n jaar kom besef ons opnuut hoe gou die tyd verbygaan. Dan dink ons terug aan alles wat ons nog wou doen, en moes doen, en nog kon doen.

Vrydagaand, by "Nader Gastehuis," het sowat 160 lidmate byeengekom, waar daar lekker saam gekuier, geëet en gesing is. Die gemeente het gedoen wat die Here wil hê ons moet doen. Onderlinge samesyn. In werklikheid, die voorbeeld van die eerste gemeentes nagevolg. Die gesamentlike maaltyd.

Almal het saamgeëet, en saam gekuier, ongeag die bydrae daartoe.

Die wat veel gehad het, het veel bygedra. Die wat minder gehad het, het minder bygedra, en die wat niks gehad het nie, het nie bygedra nie.

Na die koste gedek is, het die diakonie die mooi totaal van R 2000.00 oorgehou, wat hul weer aan versorging kan bestee.

Tog is daar soveel meer tyd en geleenthede waar die gemeente onderling met mekaar kan saam wees.

- Elke Sondag vir die eredienste, en tussen die twee eredienste
- Met Bybelstudie
- Met gemeente-etes na Nagmaal
- Elke Vrydagaand na Nagmaal se bring en braai op die kerkterrein
- Met die gemeentekamp
- Wanneer daar saam aan 'n projek of funksie beplan en gewerk word
- Tydens uitstappies wat vir die jeug gereël word, en nog vele ander.

Die jaarbeplanning vir 2007 is reeds gedoen. As elke lidmaat sy/haar eie jaarbeplanning daarvolgens doen, sal daar tyd wees om aan die onderlinge meelewing in die gemeente deel te neem, en sal die Here die gemeente meer en meer toerus, en bekwaam maak, om ten volle, as een liggaam in Christus



te kan funksioneer, en so die tyd wat Hy tot ons beskikking stel, optimaal tot Sy eer, en uitbreiding van Sy Koninkryk te benut.

Mag elkeen van ons daagliks besef dat ons skaduwee langer word, en ons tyd hier op aarde korter word, en ons minder bepaal tot die wêreldse, wat alles verganklik is, en ons wend tot die onverganklike, ewige God soos die Psalmdigter in Psalm 102:12 skryf;

*"U Here, U heers vir altyd."*

**Gert Roux** (Ingestuur deur Pieter Steyn)

## VERSLAG VAN KERKAMP GEHOU 20-22 OKTOBER TE KOMMA NADER

Die Kerkkamp is hierdie jaar by Komma Nader kampterrein gehou. Die Vrydagaand was daar sewe mense teenwoordig by die braai. Die Saterdag-oggend het plus minus 30 mense die gesprek voering deur Prof Muller van die Teologieseskool bygewoon. Hy het die onderwerp van Kerk Hervorming gehanteer wat baie insiggewend was. Dit was nodig dat ons weer bewus gemaak word van die groot werk en opoffering van die kerk-hervormers en die impak wat dit het op ons lewens vandag. Ons is geweldig baie dank verskuldig aan die ingrype van die kerk-hervormers in die bestaande strukture van die Roomse Kerk en dat hulle die pad oopgemaak het sodat ons vandag op die suiwere leer van die Bybel kan konsentreer

Die Saterdagaand was daar weer 'n braai gehou wat deur 'n paar mense bygewoon is.

Sondagoggend was daar 'n erediens gelei deur Prof Muller. Sy tema was die reiniging van die Tempel . Ons het voeding vir ons siele gekry. Die geleentheid is met 'n heerlike ete afgesluit.

Vir die gemeentelede wat betrokke was glo ons dat dit 'n wonderlike samesyn was en ons glo en vertrou dat nuwe lidmate dit in die toekoms sal ondersteun.

Gideon van der Merwe

## DIAKONIE

Die Diakonie het ‘n spesifieke taak in ‘n gemeente naamlik om die liefde van God sigbaar te maak aan alle mense. Dit kan gedoen word met ‘n glimlag, ‘n besoek, ‘n oproep of hulp van welke aard ookal. Die traditionele opvatting is dat die Diakonie finansiele hulp aan behoewendes gee, maar uit die skrif en die bevestigings formulier leer ons dat dit maar slegs ‘n gedeelte van die Diakonie se taak is.

Bybelse gasvryheid gaan baie dieper as net om vriende en familie in jou huis te ontvang. In die Bybel is gasvryheid om proaktief die gemarginaliseerdes te verwelkom. Gasvryheid is om 'n huis van liefde vir die eensames te skep in die Kerk. Regdeur die Bybel is God die voorbeeld van gasvryheid. God voorsien vir die Israeliete 'n nuwe tuiste na die slawerny in Egipte. Dis is dus ons plig om vervreemdes en eensames te verwelkom in die Huis van die Here.

Gereeld sien mense die Kerk as 'n hindernis in hul geestelike lewe in plaas van die brandstof vir hulle geestelike groei. Die kerk is 'n gemeenskap sonder gelyke, 'n plek waar ons buitestaanders verwelkom, mekaar aanmoedig in moelike tye en 'n plek waar ons werk om mekaar te help groei in Christus.

Dit vorm deel van diakonale werk asook die van die hele gemeente.

‘n Kort opsomming van die Diakonie se finansies vanaf 1 Augustus 2017 tot 31 Oktober 2017

**Liefdesgawes ontvang - R62,682.05**

**Hulp verleen - R51,540.00**

**Vaste uitgawes (deurlopende hulp) – R16,150.00**

**Tjekrekening saldo 31 Oktober 2017 – R11,.318.00**

Ten slotte - enige geldelike bydra tot die Diakonie se fondse gaan ‘n groot verskil maak in baie mense se lewens, en juis die mense wat dit die meeste benodig. Skenkings aan die Diakonie word met oorleg en liefde aangewend om ons gemeente se mense by te staan in tye van nood.

ABSA Thabazimbi (334-346)
1580 280 001



## FRANSE MEDIABEDIENING - Ds Eric Kayayan

My onlangse besoek aan die VSA, hoofsaaklik Kalifornië, het interessante en onverwagse nuwe kontakte tot gevolg gehad. Terwyl ek plaaslike kerke kon besoek en daar preek, en ook oor die Franse Mediabediening die gemeentes kon toespreek, het ek in die Los Angeles omgewing in aanraking gekom met wat die heel eerste Gereformeerde Armeense kerk in die wêreld blyk te wees. Ek moet byvoeg dat die groter LA ‘n belangrike Armeense gemeenskap met baie welvarende mense huisves.

Die twee predikante kom uit ‘n tipies Armeens evangeliese agtergrond. Dit is die Remonstrantse tipe, wat die volle leer oor God se soewereine genade, sy uitverkiesing en die weg tot saligheid volgens die Skrif, nie wil aanvaar nie. Hulle voortdurende studie van die Woord, tesame met die lees van enkele Amerikaanse Gereformeerde skrywers, het hulle egter stelselmatig oortuig dat die nie meer moontlik is om aan God al die eer te gee binne die bestaande kerklike opset nie. Saam met ’n gedeelte van die gemeente wat onder hulle prediking gesit het en oortuig geword het van wat die Skrif hieroor leer, het hulle sewe jaar gelede weggebreek en ’n selfstandige gemeente gestig.

Elke Sondagmiddag, vóór die aanddiens – wat in die Armeense taal gehou word, met ‘n Engelse vertaling deur oorfone – word daar ’n katkisasieklas vir die hele gemeente gehou, waartydens die Christelike leer aan almal oorgedra word. Een van die predikante is besig om ’n sistematiese katkisasieboek in beide tale te redigeer.

Deur my gasheer het hulle gehoor dat ek in LA op besoek was. Hulle wou my onmiddellik tydens hierdie katkisasie klas uitnooi. Hulle is deeglik bewus van die Gereformeerde werk wat my vader, wyle ds A.R. Kayayan, gedoen het. Een van hulle het hom jare gelede ontmoet. Omdat hulle nou deur ander Armeense kerke in isolasie gehou word weens hulle oortuiging oor die leer van die genade, is dit vir hulle baie belangrik om nuwe bande met belydende Gerformeerdes aan te knoop. Tydens ’n ete wat ons op die

daaropvolgende Maandag saam geniet het (in ’n lekker Armeense restaurant!) het ek die twee predikante verseker dat ek hulle in kontak sal bring met plaaslike Gereformeerde gemeentes, soos die *Reformed Church in the United States*, wat die Franse bediening vanaf die begin sterk ondersteun.

Die twee komiteevergaderings van *Reformed Faith and Life* (Frans en Armeens) het, soos elke jaar, in die suide van Chicago plaasgevind. Vanjaar was dit met die teenwoordigheid van twee Kanadese afgevaardigdes van die *Reformed Faith and Life-Kanada* sendingkomitee, wat beide bedienings finansieel ondersteun. Sonder die Kanadese bydraes sou ek inderdaad nie met my werk (en my lewe!) kan aangaan nie. Die reëls en regulasies van die Kanadese ekwivalent van SARS verplig hulle egter om elke jaar allerhande dokumentasie, bewyse, sertifikate en notules by mekaar te maak. Anders loop hulle die risiko dat hulle status as nie-winsgewende organisasie van hulle ontneem mag word. Dit skep vir die VSA komitees, waar Kanadese fondse vier keer per jaar oorgedra word, baie eise waaraan ongelukkig nie altyd betyds voldoen word nie.

Goeie kommunikasie en inagneming van sperdatums is dus wesentlik om voortdurend in ag te neem. Ek staan uiteraard in die midde van dit alles en moet dus self seker maak dat dinge reg loop. Om deur die jaar aan vier verskillende komitees te moet rapporteer – Frans, Amerikaans, Kanadees en Suid-Afrikaans (dus in drie tale) – stel hoë eise aan my en neem ook baie tyd in beslag. Daar is egter nie ’n ander weg as die ordelike weg om sake reg te laat geskied nie.

Bid asseblief dat administratiewe en tegniese vraagstukke, ook reisreëlings, nie te veel van my tyd sal opeis nie, sodat die effektiewe verkondiging van die Evangelie nie daaronder ly nie. Te midde van dit alles is ek bly om te kan rapporteer dat ek redelik goeie vordering gemaak het in die bemeestering van die video-opname tegniek. ’n Reeks opnames oor die ideologie van *transhumanisme* en ’n Christelike oordeel hieroor, is tans in proses.



## DRIE FORMULIERE VAN EENHEID

**1. Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB)**

In ‘n tyd van groot vervolging van Protestantse Kerke is hierdie Belydenisskrif deur Guido de Bres opgestel. Dit was in die jaar 1561 in die Suidelike Nederlande (vandag België). Verskeie Sinodes in die 16de eeu asook die Nasionale Sinode van Dordrecht (1618-1619) het dit as een van die Belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke aanvaar.

**Die NGB bevat 37 artikels en is soos volg saamgestel:**

| God se Wese (Artikels 1 – 11 ) | | | God se werke (Artikels 12 – 37) | |
|---|---|---|---|---|
| **God se bestaan (1)** | **Kennis van God (2 – 7)** | **Drie-Eenheid van God (8 – 11)** | **In die skepping (12 – 15)** | **In die verlossing (16 – 37)** |

(Kyk vir die volledige skematiese struktuur in Pret met Nederlandse Geloofsbelydenis van dr Hennie van Wyk)

Indien jy verder wil oplees/studie wil doen oor die NGB – die volgende boekies is by die Administratiewe Buro beskikbaar:

1. Pret met die Nederlandse Geloofsbelydenis – dr. Hennie van Wyk – is ‘n boekie waar elkeen wat hom oopmaak ‘n potlood sal neem en begin om die woorde wat uit die NGB uitgelaat is, te soek.
2. Die Nederlandse Geloofsbelydenis – dr. Johann le Roux – ‘n Maklik-verstaan grafiese uiteensetting.

**2.** Die Heidelbergse Kategismus **[**HK**] (of Onderwysing in die Christelike Leer)**

Hierdie Belydenisskrif het in 1563 te Heidelberg, Duitsland ontstaan. Op versoek van keurvors Frederik III van die Paltz is dit as ‘n leerboek vir die skole opgestel deur onder andere Zacharias Ursinus en Caspar Olevianus. Verskeie Sinodes van die 16de eeu en ook die Nasionale Sinode van Dordrecht (1618-1619) het dit as een van die Belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke aanvaar.

**Die Heidelbergse Kategismus is ingedeel in 52 Sondae.**

| | |
|---|---|
| **Sondag 1** | **Inleiding** |
| **Sondag 2 - 4** | **Die ellende van die mens** |
| **<u>Sondag 5 - 31</u>** | **<u>Die verlossing van die mens</u>** |
| **Sondag 5 - 8** | **Verlossing deur die geloof** |
| **Sondag 9 - 10** | **God die Vader en ons skepping** |
| **Sondag 11 - 19** | **God die Seun en ons verlossing** |
| **Sondag 20 - 22** | **God die Heilige Gees en ons heiligmaking** |
| **Sondag 23 - 24** | **Regverdigheid deur die geloof** |
| **<u>Sondag 25 - 30</u>** | **<u>Die Heilige Sakramente</u>** |
| **Sondag 26 & 27** | **Die Heilige Doop** |
| **Sondag 28 - 30** | **Die Heilige Nagmaal van ons Here** |
| **Sondag 31** | **Die Kerklike Tug** |
| **<u>Sondag 32 - 52</u>** | **<u>Die dankbaarheid wat ons aan God vir die verlossing verskuldig is</u>** |
| **Sondag 32 en 33** | **Goeie werke** |
| **Sondag 34 - 44** | **Die Wet van die Here** |
| **Sondag 45 - 52** | **Die Gebed** |

Indien jy verder wil oplees/studie wil doen oor die HK – die volgende boekies is by die Administratiewe Buro beskikbaar:

1. Pret met die Heidelbergse Kategismus – dr. Hennie van Wyk – is ‘n boekie waar elkeen wat hom oopmaak ‘n potlood sal neem en begin om die woorde wat uit die HK uitgelaat is, te soek.
2. Die Heidelbergse Kategismus – dr. Johann le Roux – ‘n Maklik-verstaan grafiese uiteensetting.



## CHRISTENSKAP VANDAG EN DIE INVLOED VAN SOSIALE STRUKTURE

**Lees 1 Petrus 2:11-17**

Dit kom al hoe meer voor dat vandag se Christene gesien word as mense met 'n tonnel visie. En so word Christenskap stelsel matig uit skole, parlemente en die werkomgewing gefaseer. Op 'n sosiale front word dit eenkant geskuif. Die sekulêre en gelowiges is al ewig in een of ander debat betrokke.

Christene vandag word nie vervolg soos in die geskiedenis nie. Ons word stadig maar seker ontneem daarvan om ons Christenskap uit te leef. Ons Christenskap word beperk tot "blokke" - Kerk toe gaan, Bybelstudie, Huis Godsdiens, en dalk 'n gebed voor 'n vergadering. Wat van die dele tussen in?

Om hieraan 'n verandering te bring gaan nie oornag geskiet nie. Al kry ons die regte formule om die verandering te laat gebeur gaan dit 'n lang proses wees met baie opinies en teenkanting, soos wat dit ook in die Skrifgedeelte na vore kom.

Die vraag is hoe kan ons die verandering te weeg bring?

Die Christen geloof benadeel op geen manier die samelewing nie. Ware Christenskap versterk dit. Met Politeïsme of veel gode ry sal 'n mens nooit 'n samewerkende gemeenskap kan hê nie. Kyk maar net hoe gaan dinge in ons land en reg oor die wêreld.

Ons moet Christenskap uitleef en daar deur die aannames wat die sekulêre maak rakende, satisfaksie, vryheid en mens se eie identiteit, nooit vervul sal kan word nie.

Vandag as kerk vind ons, onsself in die midde van 'n sekulêre kultuur met baie uitsprake van:

“jy moet jouself wees"

“jy kan enige iets doen wat JOU gelukkig maak"

“Niemand het die reg om vir iemand ander te se hoe hy moet lewe nie.”

Christene is die mees diverse geloof as dit kom by etnisiteit, en kultuur in die wêreld. Tog sien ons, onsself as verskillend in die Westerse wêreld en selfs in ons eie gemeente.

Moet ons nie as Gereformeerdes bietjie probeer saamstaan vir 'n slag nie.

Ons as gelowiges moet pioniers wees in beleefdheid, ons moet die brûe bou na die toe wat teen ons is. Ons moet die vredemakers wees in plaas van om die geskille aan te huts.

Ons as gelowiges moet bekend wees vir ons vrygewigheid, omsien na die armes in siel en vlees, en ons moet toegewyd wees aan gesag in die gemeenskap, wat God in beheer geplaas het.

Ons moet ons medemens toerus om hul geloof in hul werk te inkorporeer. Die gelowige teenwoordigheid moet in alle velde na vore kom, akademies, die media, kunste, tegnologie ens.

Daar is ongelukkig nie een evangelistiese model wat by alle kulture inpas nie. Maar elke kultuur moet die konsep van sonde en die vergewing van die sondes verstaan. Ons moet as gelowiges die medium vind om die woord suiwer te verkondig in die verskillende kulture.

Ons as Christene moet onsself aanhou toerus vir die wêreld waarin ons lewe, en aanhou brûe bou na ander kulture en self na die sekulêre toe. Want daar is net een God, een Christus en een Heilige gees. En dit ons opdrag om dit te verkondig.

Cornelis van Wyk



19 Oktober 2017

Gereformeerde Kerke

Geagte Broeders en Susters

**BRANDE IN DIE KNYSNA OMGEWING**

Bygaande ‘n skrywe wat ons van Ds Geo Knoetze van GK Eden ontvang het in die reaksie, op die oproep vir hulpverlening uit die kerkverband, na die brande in die Knysna- en Plettenbergbaai omgewing vroeër vanjaar.

**“OM DIE HANDE EN VOETE VAN JESUS TE WEES**

“Indien ek en Winnie ons ondervinding van die nag met die brand met julle sou kon deel, sal julle verstaan hoe oorweldig ons is deur hierdie skenking wat ons ontvang het. Hierdie hulp was so onverwags en vinnig dat dit alles vir ons sagter gemaak het. Voordat ons mooi die hele omvang van die brand besef het, is ons gehelp. Dit het ons gehelp om nie in depressie te verval nie.

Daar is wel die herinneringe en hartseeroomblikke, veral wanneer ek by die as staan waar ons kleindogter se bed gestaan het, waarvoor sy so lief was; wanneer ek Winnie in die as sien krap op soek na miskien ‘n buisie verf of iets wat van haar kunswerke uitkenbaar mag wees of wanneer sy my ‘n stukkie geskroeide papier wys waarop sy geskilder het wat sy tussen die struike gekry het.

Ons is nie altyd bewus van hoe naby God aan ons is nie en hoe geweldig baie Hy vir ons omgee nie. Wanneer die kerk van God werk soos in hierdie geval kan mens nie anders as om sy liefde en genade te beleef nie.”

Hierdie is die dankwoorde van ‘n mikrobioloog wat sy hele laboratorium in die brand verloor het, ook sy vrou se ateljee... en ‘n kleinkind se kuierkamer... en nog veel meer. Maar eintlik eggo dit die dankbaarheid van soveel ander mense hier in Plettenbergbaai, Knysna en omgewing wat verliese gely het en op een of ander manier deur die GK Eden gehelp is. Maar dit eggo ook deur die lengte en breedte van ons land na elke individu, elke lidmaat, elke gemeente en die GKSA in sy totaliteit wat ons in staat gestel het om die klein instrument van die groter geheel te kon wees. Want veral daar moet dit gehoor word, deur die mense wat harte en hande oopgemaak om deur ons hulp te verleen.

Hierdie dankbaarheid, wat meermale met trane gepaard gegaan het, gryp mens diep in die hart en dit laat jou werklik baie klein voel. Want dit laat jou net weer besef dat die Here ons geroep het om in hierdie wêreld sy hande en voete te wees. Ook sy oë en ore - en sy hart - om nie maar net die nood van ander raak te sien nie, maar met sy liefde uit te reik en inderdaad ook iets daaraan te doen. Mag ons as kerk dit nooit vergeet nie!

Dit is wonderlik om te sien hoedat die natuur, ten spyte van ondergemiddelde reënval, tog weer herstel. Trouens, daar is sekere dele waar 'n mens nie kan glo dat daar 'n verwoestende brand deurgetrek het nie. Alles is so groen! Ander dele is egter nie so mooi nie. Daar word die groen bederf deur die talle swart geraamtes van plantasies wat moontlik bestem was om ons van papier of boumateriaal te voorsien. Hierdie letsels sal seker vir jare nog sigbaar wees.

Dieselfde is ook waar van Knysna en Plettenbergbaai se ontwortelde mense. Oral is hulle besig om rommel van die brande te verwyder... 'n nuwe begin te maak... en selfs ook weer huise te herbou. Maar die letsels sal vir 'n leeftyd bly, ingebrand in die gemoedere van mense...

Om statistiek van ons hulpbetoon te voorsien is moeilik, veral ten opsigte van die eerste aantal dae na die brand. Kos en klere wat van oral ingestroom het, moes so gou en wyd moontlik versprei word. Dit het ons gedoen deur middel van bestaande diensorganisasies en die noodsentrums van die munisipaliteite. Honderde mense, indien nie duisende nie, het hierby baat gevind het. Ons het ook meegewerk om 'n groep van oor die tagtig mense, wat in die kerksaal van die plaaslike NG Kerk gehuisves was, van kos en komberse te voorsien.

Die plaaslike Lutherse Kerk, wat nie oor die nodige finansies beskik het nie, het ons genader om aan vier huisgesinne hulp te voorsien. Hierdie mense is gehelp met fondse wat ons aan hulle oorbetaal het en daar is ook van hierdie geld aangewend om huisvesting vir plaasarbeiders op te rig.

Ons het ook meegewerk aan 'n inisiatief om boere van veevoer te voorsien. Bale ruvoer is landwyd aan die boere geskenk, maar dit moes oor groot afstande en teen duur vervoerkoste plaaslik gelewer word. Ook hier kon ons 'n finansiële bydrae lewer. Vyf-en-negentig boere is deur hierdie inisiatief gehelp. Nie net vanweë die brand nie, maar ook vanweë die droogte gaan hierdie inisiatief steeds voort.



Daar is direk aan meer as twintig huisgesinne ondersteuning verleen uit die noodfonds. Die uitgangspunt was om mense sover moontlik nie maar net vir die oomblik te help nie, maar om hulle in staat te stel om weer selfstandig met hulle lewe voort te gaan. Hierdie hulp het gewissel van die betaling van huurgeld tot die voorsiening van skure en noodsaaklike gereedskap sodat mense met hulle besighede kon voortgaan. Ons het ook groot volumes water en watertenks wat deur die brand verwoes is aan mense wat uitsluitlik van reënwater afhanklik is, voorsien. In baie van hierdie bogenoemde gevalle werk dit soos 'n kettingreaksie, omdat daar ander gesinne weer afhanklik is van die gesinne aan wie hulp verleen word.

Die nuutste hulpverlening bestaan uit die voorsiening van basiese toerusting en meubels aan gesinne wat besig is om te hervestig. Ons hoor feitlik daagliks van sulke gevalle en ons meen dat hierdie tipe van hulp seker vir 'n lang tyd sal voortgaan omdat die hervestigingsproses 'n tydsame proses is. Elke aansoek in hierdie verband moet maar met omsigtigheid hanteer word, omdat daar altyd maar die kansvatters is wat meen dat hulle die situasie kan uitbuit.

Sover moontlik poog ons ook om Bybels te versprei saam met hierdie hulp wat verleen word. Die wonderlikste bly egter om te getuig oor die liefde van die Here Jesus Christus wat aan ons voorsien het sodat ons weer in liefde kan voorsien. Dit bly dus waar: "Die liefde van Christus dring ons, omdat ons tot die insig gekom het dat een vir almal gesterwe het, en dit beteken dat almal gesterwe het. En Hy het vir almal gesterwe, sodat dié wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is." (2 Kor. 5:14,15)."

Die bestuur van SDDS is dankbaar dat ons deel kan wees om hierdie genadegawe te ontvang en deur te gee aan mense in nood.

U broeders en suster in Christus.
Hannes Vorster
Skakeldeputaat: SDDS



**SKAAKMAT** 

Jare gelede, in die beroemde Louvre Museum in Parys was daar ‘n skildery met die titel "skaakmat." Dit het die satan uitgebeeld wat smalend oor sy skaak -opponent uittroon, omdat hy sy opponent se siel gewen het. Die opponent word uitgebeeld as 'n jong man, sy kop gebuig in vernedering - hy's verslaan en verslae. Sy gesig is vertrek van pyn - en die satan lag oorwinnend. Daar's 'n paar stukkies oor op die skaakbord en die woord "Skaakmat" staan oor die skildery geskryf.

'n Ouerige man stap eendag deur die Louvre en stop by die sataniese skaakspel. Doodstil staan hy vir lank en bekyk die prent. Toe hy skielik lewe kry en begin uitroep: "Dit is 'n leuen, dit is 'n leuen!" Ander mense in die gallery het kom kyk wat aangaan. “Wat is die leuen?” vra hulle terwyl hy aangaan om dit uit te roep.

Die Kurator van die museum daag op. "Meneer, is hier 'n probleem, kan ek help?"

Die man kyk die kurator in die oë en sê: "Ek is die Franse skaakkampioen, ek sê vir jou dit is 'n leuen!" Die kurator was nog steeds verward - wat is 'n leuen? Die man wys na die skaakbord en sê: "Die skilder sal die skildery moet verander, of hy sal die titel moet verander. Kyk, die spel is nie oor nie. Dit is 'n leuen, dit is nie skaakmat nie, die koning het nog 'n skuif!"
'n Klein seuntjie met 2 vissies en 5 brode en duisende mense. Dit lyk soos skaakmat, maar dit is 'n leuen, want die Koning het nog 'n skuif, en hulle tel 12 mandjies kos na die tyd op.

'n Man met die naam Daniël word gegooi in 'n kuil vol honger leeus. Dit lyk soos skaakmat, maar dit is 'n leuen, want die Koning het nog 'n skuif oor!
Jesus kom by die graf van Lasarus. Hy's al vier dae dood. Die graf ruik al. Dit lyk soos skaakmat, maar dit is 'n leuen want die Koning het nog 'n skuif oor!
Die vrou by die put, moet deur mans met klippe dood gegooi word. Dit lyk soos skaakmat, maar dit is 'n leuen want die Koning het nog 'n skuif oor.



"Gaan en moenie langer sondig nie!"

Die moordenaars saam met Jesus aan die kruis. Dit lyk soos skaakmat, maar dit is 'n leuen, want die Koning het nog 'n skuif oor. “Vandag sal jy saam met my in die paradys wees.”

Op die Paasfees word die Lam geslag. Die mense skreeu veroordelend - "Kruisig Hom, kruisig Hom. ” Hulle spot Hom en slaan Hom. Hulle spoeg hom en kap Hom met spykers vas aan 'n kruis. Jesus skreeu met 'n hortende asemteug en gebarste lippe dit uit: “Eloi, Eloi lama sabagtani - my God, my God waarom het U my verlaat. " Eenkant staan mense en sê: “Ja, ander kon Hy red, maar Homself kan Hy nie red nie. ” Dit is verby, skaakmat, gaan maar huis toe - satan leun smalend oor die skouer van die mens, alles is verby, maar dan kom Opstanding Sondag en ek en jy weet. Dit lyk soos skaakmat, maar dit is 'n leuen, want die Koning het nog 'n skuif oor!

ns land is in 'n gemors. Moorde vind oral plaas. Vroue en kinders word wreed vermoor en verkrag. Maar vandag wil ek vir jou sê, die spel is nie oor nie!! Die Koning het nog 'n skuif oor!!!!!!! Mag hierdie boodskap julle net so bemoedig soos vir my.

Die KONING het die laaste skuif.

Hierdie is die boodskap wat Suid Afrika in gestuur moet word!!!



## Hê

Die meeste van 'n mens se droefheid haal hy homself op die hals omdat hy altyd dink in terme van **hê.**

Jy wil liefde **hê**,  jy wil aanvaarding **hê**. Party mense wil rykdom **hê**,  ander wil vernaamheid **hê**. So kan mens aanhou.

Kyk na die Bybel. Die Israeliete wou 'n Koning **hê** en toe Christus kom, kruisig hulle hom omdat hy nie was wat hulle wou **hê** nie. Tog het HY aan almal gegee meer as wat hulle ooit wou **hê**. Maar hulle het hulle blind gestaar teen wat hulle wou **hê** en nooit eers gedink aan wat HY gee nie.

Dries Venter







## Reseptehoekie

## Plaatkoekie sosaties

## Erica Erasmus






**Pret vir die vakansie- Albaster Rollercoaster en veer Kroon.**







